Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 4

DIE KANONIEKE BOEKE VAN DIE HEILIGE SKRIF

Nederlandse Geloofsbelydenis

DIE KANONIEKE BOEKE VAN DIE HEILIGE SKRIF

Artikel: 4

Ons vat die Heilige skrif in twee dele saam:

die Ou en
die Nuwe Testament.

Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie.

Hulle getal in die kerk van God is soos volg:

Die boeke van die Ou Testament, nl.

- die vyf boeke van Moses: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium;
- die boeke Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke (genoem Paralipomenon),
- Esra, Nehemia, Ester, Job, die Psalms van Dawid, drie boeke van Salomo: Spreuke, Prediker en Hooglied;
- die vier groot profete: Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël;
- en vervolgens die twaalf klein profete: Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi;

die boeke van die Nuwe Testament, nl.:

- vier evangeliste: Matteus, Markus, Lukas en Johannes; die Handelinge van die apostels;
- die veertien briewe van die apostel Paulus: aan die Romeine, twee aan die Korintiërs, aan die Galasiërs, die Efesiërs, die Filippense, die Kolossense, twee aan die Tessalonisense, twee aan Timoteus, aan Titus, Filemon en die Hebreërs;
- die sewe briewe van die ander apostels: die brief van Jakobus, twee van Petrus, drie van Johannes en die brief van Judas en
- die Openbaring van die apostel Johannes.